Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

11 MAART 2018

GEMEENTEBULLETIN

OGGENDDIENSTE

Wat van verdeeldheid?

KLOUTERKERK

Paaseiers

JEUGDIENS

God van eenheid
Johannes 10:27-30

DEUROFFER

JAM-span

Die span jongmense funksioneer onder leiding van Gerhard Duvenhage. Hulle is gestasioneer by die Apostel Battery kampterrein vanwaar hulle na 'n verskeidenheid gemeenskappe o.a. Imizamu Yethu, Mavusa en Sir Lowry's Pass Village uitreik.

			11 Maart		18 Maart	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Breytenbach	3	Ds. Duvenhage	4
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Ds. Duvenhage	9	Ds. Kotze	6
09:00	Kapel	Meditatief	Ds. Visagie	-	Philipp Dietmann	-
09:00	Grootsaal	Kleuterkerk	Ds. Kotze	-	Geen diens	
18:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Kotze	-	Ds. Breytenbach	-
19:00	Kapel	Kruisdiens	Ds. Duvenhage	13	Ds. Duvenhage	11

NUWE LERAAR

Die kerkraad het tydens die vergadering op Woensdag 6 Maart besluit dat die proses rondom die aanstelling van 'n nuwe leraar van vooraf oopgemaak word. Die vakature sal weer geadverteer word en ons hoop om in Meimaand 'n beroep uit te bring. Ons sal lidmate deur middel van die bulletin op hoogte hou met vordering in die proses.

GROOTLYDENSWEEKPROGRAM - BESPREEK NOU

Maandag 26 Maart om 19:00 in die kerk. Francois Wessels, predikant betrokke by die Joodse gemeenskap in Kaapstad. Hy kom gesels oor die Joodse Pasga viering en hoe Christene ook die fees kan vier. Na afloop van die praatjie word 'n Pasgamaal aangebied. Daar is plek vir 120 mense. Neem asb. vanoggend 'n kaartjie om jou plek te bespreek. Dit is gratis.

Woensdag 28 Maart om 19:00 in die kerk. Kom luister na **Neil Büchner**, liedjieskrywer en sanger. Die vertoning is **gratis**, maar bespreek asb. jou plek deur vanoggend 'n kaartjie by die inligtingstoonbank te neem, of kontak Karin by die kerkkantoor (021 976 4519 / karin@stellenberg.co.za)

[ONS GLO . . .]

JEUGDAGBOEK

- JEUGDIENS begin 18:00 met kleingroepe wat daaruit vloei.
- SENIOR KLEINGROEPLEIERS ontmoet om 17:30 in groepe.
- ANNIBRAND KLEINGROEPE vir jong volwassenes kom op Woensdae 18:30 bymekaar, kontak jeugkantoor vir meer info.
- BLISS groep vir jong volwassenes kom Sondae 16:45 bymekaar, met selgroepe Woensdae aande 18:30, kontak jeugkantoor vir meer info.
- DELFT-uitreik: Elke Donderdag direk na skool om 14:30.
- JEUG APP gaan na *Google Play* of *Apple Store,* soek "Stellenberg"

TIENDEMAANDINSAMELING 2017/18

Baie dankie aan elkeen wat bygedra het tot dié insameling.

2 Kor. 9:7 "Elkeen moet gee soos hy in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief".

Dankie dat jy met jou finansiële bydrae dit vir ons moontlik maak om die Here se werk binne, maar ook buite ons gemeentegrense, te doen. Die finale bedrag vir 2017/18 is R 1996 025 teenoor die bedrag van R1963 400 van 2016/17.

MET LEEDWESE

Ons neem met hartseer afskeid van Wilhelmina Jacoba (Winnie) du Toit, gebore 20/07/1930 en oorlede op 4/03/2018. Sy was sedert 2004 'n lidmaat van die gemeente en 'n inwoner van Edelweiss. Haar roudiens was op Donderdag 8 Maart in die kerk.

DELFT–UITREIK

Ons benodig dringend een of twee bussiedrywers wat elke Donderdagmiddag 'n bussie met tieners na die Delft sopkombuis kan bestuur. Die bussie vertrek direk na skool ongeveer 14:30 vanaf Hoërskool Stellenberg. Jy hoef nie 'n PDP lisensie te hê nie. Kontak asb. vir Sunet by sunet@stellenberg.co.za / 021 975 1044 indien jy kan help.

JEUGKLEINGROEPE LOKALE

Graad 1: Kleinsaal
Graad 2 & 3: Grootsaal
Graad 4: Bo-vertrek
Graad 5 - 6: Kerk
Graad 7: Jeuglokaal
Graad 8: Grootsaal
Graad 9: Jeuglokaal
Graad 10: Kerk
Graad 11: Kleinsaal

STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

Die sentrum bied terapeutiese dienste. Kontak hulle gerus om 'n afspraak by enige van die volgende professionele persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator

021 976 8029
sos@stellenberg.co.za

GROOT LYDENSWEEKPROGRAM

- Sondag 25 Mrt 09:00, kerk - Alle oggenddienste smelt saam om Jesus se laaste dae in Jerusalem, voor sy kruisiging, te herdenk.
- Maandag 26 Mrt 19:00, kerk - Francois Wessel kom vertel meer oor die Joodse Paasfees en die betekenis daarvan vir Christene vandag.
- Dinsdag 27 Mrt 19:00, kerk - 'n Meditatiewe diens.
- Woensdag 28 Mrt 19:00, kerk - Neil Büchner met sang en getuienis.
- Donderdag 29 Mrt 19:00, kerk - Ons vier die instelling van die nagmaal.
- Vrydag 30 Mrt 09:00, kerk - Goeie Vrydag
- Sondag 1 Apr, kerk - Opstandingsdiens om 06:15 en 'n Paasdiens om 09:00.

HELP ASSEBLIEF

- **Helpers by die kafeteria:** Indien jy bereid is om een / twee keer per kwartaal vanaf 09:00 tot 11:00 op 'n Sondagoggend 'n diensbeurt by die kafeteria te neem, kontak asb. vir Sanel by sanel@stellenberg.co.za (Jy hoef nie skottelgoed te was nie).
- **Eredienswerkers:** Ons kort eredienswerkers by al die eredienste. Diensbeurte is gemiddeld een keer per maand. Kontak Odette by odette@stellenberg.co.za
- **Sekuriteitshelpers:** Ons sekuriteitspanne wat weekliks roteer om motors tydens eredienste op te pas benodig helpers. Indien jy bereid is om ongeveer een keer in twee maande 'n diensbeurt waar te neem stuur asb. 'n e-pos aan lindy@stellenberg.co.za

EDELWEISS BYBELSTUDIE

15 Maart om 15:00 en 15:45 uit Job 36 en 37: Elihu probeer God se saak stel ...

Edelweiss Huisbyeenkoms

Sondag 25 Maart om 18:00 uit Johannes 3: 1 – 21 Jesus gee vir Nikodemus lig

KANTOORURE VIR FINANSIëLE KANTOOR

Maandae 11:00 tot 13:00 en ander weeksdae 09:00 tot 13:00.

BREIGROEP

Ons kom weer op 9 April om 09:30 in die kafeteria bymekaar. Bring gerus 'n vriendin saam. Kontak Ria McMicken by 083 519 0602. Bydraes van enige afval-wol sal waardeer word. Gee asb. by die kerkkantoor af.

KLEINGROEPE

Indien jy belangstel om by 'n kleingroep (gesinsgroep, gebedsgroep, groep vir afgetredenes / jong-mense) in die gemeente in te skakel, stuur 'n e-pos aan

VATVYF UITSTAPPIE

19 Maart: Uitstappie na D'Aria. 'n Heerlike oggend saam met Sonja Heroldt by D'Aria. Koffie/tee/sap en verversings ingesluit. Besprekings het reeds gesluit. Bussies vertrek vanaf die kerk om 09:30.

GEBEDSGROEPE IN DIE GEMEENTE

Maandag om 09:15 - Vrouebiduur in die gebedskamer

Dinsdag om 19:00 - Gebedsbyeenkoms in die gebedskamer

Donderdae om 06:00 - Gebedsbyeenkoms vir mans in markplein.

KUIER OP VOSBURG

Die Vosburg-komitee besoek Vosburg-gemeente vanaf 27 April tot 1 Mei. Ons wil graag 'n uitgebreide gemeentegroep saamneem en nooi enige een om saam te gaan. Ons woon Vosburg se jaarlikse basaar Saterdagoggend by asook die kerkdiens op die Sondag. Kontak Christine Ferreira (083 440 2086) om die nodige reëlings te tref.

EDELWEISS VAKATURE

Edelweiss ACVV Dienstak te Mountainview Rylaan, Eversdal benodig baie dringend 'n Nutsman – iemand wat alles kan herstel / vervang ens. Moet nog fiks genoeg wees om op 'n leer of dak te klim. Kontak asb. vir mev Stella Botha by 021 976 1150/1 tydens kantoorure – Maandag tot Vrydag.

CON SPIRITO KOOR

24 Maart 19:30
NG Kerk Bellville-Uitsig
Johannespassie van JS Bach.

Met volle orkes en
6 soliste.
Dirigent Sjoerd Alkema.

Kaartjies by die deur of webtickets. R90 en R125

SNAPSCAN KODE